SOLIDARITEIT
SOLIDARITY

AANSOEK OM SKULDBERADINGSVOORDEEL

PERSOONLIKE BESONDERHEDE:

VAN: _____

VOLLE NAME: _____

ID-NOMMER: _____

GESLAG: ☐ MANLIK ☐ VROULIK BEROEP: _____

POSADRES: _____

_____KODE: _____

STRAATADRES: _____

_____KODE: _____

TEL (H): _____ TEL (W):_____ SEL:_____

FAKS: _____ E-POSADRES: _____

DATUM VAN AANSLUITING BY SOLIDARITEIT: _____ LIDNOMMER:_____

ALTERNATIEWE KONTAKBESONDERHEDE VAN NAASBESTAANDE/VRIEND:

VAN: _____ NAAM: _____

TEL: _____ SEL: _____

MANDAAT

Hiermee verleen ek _____
(volle name en van)
met ID-nommer _____ volmag aan Solidariteit om my versoek om die Solidariteit-skuldberadingsvoordeel aan DebtGrip (Edms) Bpk ("DebtGrip"), synde die erkende en gemagtigde diensverskaffer vir die Solidariteit-skuldberadingvoordeel, te oorhandig met die doel om te bepaal of ek vatbaar is vir skuldberading, soos bedoel in die Nasionale Kredietwet (No. 34 van 2005).

- Ek neem kennis van die feit en erken dat indien ek te enige tyd nadat ek aansoek gedoen het vir die voordeel tot en met die afhandeling van die skuldberadingsproses nie meer opbetaald is as lid nie, ek nie meer aanspraak kan maak op die voordele wat strek uit die Solidariteit-skuldberadingsvoordeel nie, en dat DebtGrip dan daarop geregtig sal wees om die kortingsbedrag op die aanvangsfooi, soos van tyd tot tyd bepaal deur die Nasionale Kredietreguleerder, wat aan Solidariteit-lede toegestaan word, van my te verhaal as deel van die skudberadingsproses en sal sodanige korting geag word as 'n verdere skuld wat verhaal kan word van my alvorens die skuldberadingsproses tot volvoering gekom het en ek 'n uitklaringsertifikaat mag bekom, soos bedoel deur die Nasionale Kredietwet.

- Ek neem kennis en aanvaar dat ek te alle tye alle inligting, soos versoek deur DebtGrip, moet openbaar en beskikbaar stel ten einde DebtGrip in staat te stel om die ondersoek na my oorverskuldigdheid al dan nie te doen en om die skuldberadingsproses van stapel te stuur en suksesvol te volvoer.

- Ek skeld hiermee vir Solidariteit en/of enigeen van sy werknemers kwyt van enige nalatigheid in die hantering van my aansoek om skuldberading en die volvoering daarvan, en ek onderneem om geen eise van enige aard hoegenaamd teen Solidariteit in te stel wat uit die hantering van enige saak namens my voortspruit nie.

- Ek berus by die besluite en advies van DebtGrip om te besluit of dit gepas sou wees om in die omstandighede met 'n aansoek om skuldberading voort te gaan.

- By ondertekening van hierdie dokument verklaar ek onherroeplik dat ek die inhoud van hierdie mandaatvorm en veral Aanhangsel B deurgelees het en verstaan en dat dit bindend op my en bevelend is.

Geteken te _____ op hierdie _____dag van _____20_____.

_____
HANDTEKENING

Aanhangsel B

BELANGRIKE INLIGTING AAN LEDE:

- DebtGrip (Edms) Bpk ("DebtGrip") is Solidariteit se erkende diensverskaffer om die skuldberadingsvoordeel aan die vakbond se lede te bied.
- 'n Volwaardige lid is daarop geregtig om die skuldberadingsvoordeel te versoek.
- Die uitsluitlike besluit of 'n lid oorverskuldig is, soos bedoel in die Nasionale Kredietwet (No. 34 van 2005) (soos gewysig) ("die Nasionale Kredietwet") en na behoorlike bepaling daarvan, lê by DebtGrip.
- Slegs 'n persoon wat bevind oorverskuldig en vatbaar is vir skuldberading, na behoorlike ondersoek deur DebtGrip en soos bedoel in die Nasionale Kredietwet, sal die skuldberadingsvoordeel kan geniet.
- Indien die lid vatbaar is vir skuldberading na 'n behoorlike ondersoek deur DebtGrip, sal daar van die lid verwag word om al die nodige dokumente wat aan die lid verskaf word om die proses van skuldberading van stapel te stuur, te onderteken en te lewer aan DebtGrip.
- U ledegeld moet ten volle opbetaal wees vir die tydperk wat u onder skuldberading is en dit is u eie verantwoordelikheid om u bankstate/salarisadvies maandeliks noukeurig na te gaan om vas te stel of u ledegeld wel verhaal word, tensy u ledegeld gestruktureer is as deel van u skuldbetalingspaaiement, soos maandeliks oorbetaal aan die genomineerde Betalingsverspreidingsagent ("Payment Distribution Agent"), soos bedoel in die Nasionale Kredietwet.
- DebtGrip sal die volgende as voordeel aan lede bied as die Solidariteit-skuldberadingsvoordeel:
  - 'n Gratis kredietverslag en die ontleding en verduideliking daarvan aan die lid;
  - 'n Gratis ondersoek na die skuldposisie van 'n lid en 'n ondersoek of die lid vatbaar is vir skuldberading, soos bedoel deur die Nasionale Kredietwet, al dan nie;
  - Indien die lid vatbaar is vir skuldberading en die lid kwalifiseer vir die skuldberadingsvoordeel ingevolge die bepalings en voorwaardes van die vakbond, sal die aanvangsfooi vir skuldberading vir kwalifiserende Solidariteit-lede gehef word teen 50% van die aanvangsfooi, soos van tyd tot tyd vasgestel deur die regulasies van die Nasionale Kredietreguleerder;
  - Die volvoering van die skuldberadingsproses namens die lid, met inbegrip van die heffing van fooie vir die bring van 'n hofaansoek, indien nodig, sowel as die heffing van 'n maandelikse nasorgfooi;
  - Die verkryging van 'n uitklaringsertifikaat na die suksesvolle afhandeling van die skuldberadingsproses;
  - Die toesien van die aanbring van die toepaslike inligting op die lid se kredietprofiel na die afhandeling van die skuldberadingsproses.

- Die gemiddelde tydsduur vir die afhandeling van die skuldberadingsproses is ongeveer 4 jaar.

- Sien asb. die vloeidiagramme op www.debtgrip.co.za wat die verloop van die skuldberadingsproses uiteensit.

(Hou asseblief 'n afskrif van hierdie aanhangsel.)